

31 Julie

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2**  
**Fokusgedeelte: DL, 5:14**

**God werk in ons deur die verkondiging van sy Woord!**

Hoe werk God in ons? Watter instrument gebruik Hy? Hoe begin Hy die werk en hoe voltooi Hy dit? Paulus skryf vir die Korintiërs (vers 4-5): “Die boodskap wat ek verkondig het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.” God werk dus in ons deur sy Heilige Gees en die Heilige Gees gebruik die verkondiging van die Woord.

So bely ons dit ook: “Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin.” Dit is hoe God sy werk in ons begin: Hy laat sy Woord aan ons verkondig! God begin nie net sy werk in ons deur die verkondiging van die Woord nie, maar Hy sit dit ook voort en voltooi dit deur die verkondiging van die Woord. Daarom bely ons oor die werk van God: “So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die sakramente.”

Omdat God deur sy Woord in my werk, moet ek my voortdurend aan sy Woord blootstel! Ek moet die verkondiging van die Woord hoor, ek moet die Woord lees, ek moet dit oordink! Ek moet dus eredienste bywoon, binnekamergodsdiens hou, huisgodsdiens hou en ek moet tyd maak om God se Woord te oordink. Alleen so kan my geloof groei en volwassenheid bereik! Die aansporing, vermanings en beloftes van die Woord is die instrumente wat God gebruik om my geestelik op te bou, sodat ook my geloof nie op die wysheid van mense gegrond sal wees nie, maar op die krag van God!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~